

7 November

Geen sonde te groot vir vergifnis nie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33:1-20 (NAV)

Dit is ontsettend om na die lewe en koningskap van Manasse te kyk. Al die goeie werk wat sy pa Hiskia vir die Here gedoen het, het hy tot niet gemaak. Ten spyte daarvan dat sy pa Hiskia 'n goeie voorbeeld van diens en getrouheid aan die Here gestel het, het dit Manasse min geskeel (2 Kron 31:20).

Manasse het sy sonde voor God opgestapel; hy het die tempel ontheilig met 'n afgodsbeeld; deelgeneem aan heidense praktyke deur selfs sy kinders aan afgode te offer. Sy aanhoudende sonde het sy verhouding met God totaal en al laat vou – totdat dit op breekpunt gekom het en God hom na Babel laat wegvoer het.

Manasse het GRUWELIK verkeerd gedoen in die oë van die Here (33:6). 'n Mens sou maklik kon dink sy sondes is so vreeslik dat sy verhouding met die Here heeltemal gebreek het! Vir só 'n mens is daar nie vergifnis by mense nie en beslis nie by God nie!!

Maar (en dit is God se *maar*) in sy gevangenskap met die boeie om sy arms en bene en met 'n ring deur sy neus, besef Manasse sy hart is ook in boeie – die boeie van Satan – en het hy "... die Here sy God om genade gesmeek, groot berou getoon, en gebid".

Dan lees ons Manasse is as koning herstel.

Waar jy nou sit en Bybelstudie doen, mag jy glo dat daar sonde in jou lewe is wat so groot is dat God jou nóóit daarvoor kan of sal vergewe nie. Dit is egter Satan wat daardie twyfel in jou hart wil saai. Christus se kruisdood was nie net vir sekere, sogenaamde "klein sondes" nie, maar volledig, volmaak, vir AL jou en my sonde. Daarom leer die Here ons in 1 Johannes 1:8, 9 dat daar vergifnis is met ware en opregte berou.

Bely jou sondes met 'n opregte hart, vra vergifnis en ontvang sy genade met 'n dankbare hart.

Sing: Psalm 130:1, 2 (1936 beryming)

Ds. Human B Coetsee (Durban-Noord)